## MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 4 SEPTEMBER 2024,
## MOOT SELGROEP, DONDERDAG 5 MAART 2026

### HOE JOHANNES GEBEURE ERVAAR HET

Dit is belangrik om te onthou dat die gebeure soos dit in Openbaring opgeteken is in die groter prentjie chronologies is. Johannes teken dit egter nie altyd in chronologiese volgorde op nie. Hy sien byvoorbeeld die vier ruiters, en elkeen van hierdie vier verteenwoordig 'n groter tyd periode in Openbaring wat hy dan later in meer besonderhede bespreek. Gebeure oorvleuel ook dikwels en ons moet dit binne hierdie konteks beskou.

### OPENBARING 10 EN 11

In Openbaring 6 tot 9 lees ons van die sewe seëls en die sewe basuine. Elkeen van hierdie seëls en basuine is God se wraak oor die ongelowige mensdom ("die bewoners van die aarde") en elkeen is progressief erger as die vorige een. Hierdie seëls en basuine dek al die gebeure tot in Openbaring 19. Ons lees aan die einde van hoofstuk 9 dat ten spyte van al die chaos en verwoesting, mense hulle nog steeds nie bekeer nie (vers 20 en 21) en eerder erger optree deur te moor, towerye (valse godsdienste.) te bedryf, te hoereer (seksuele misdrywe), en te steel (Ek dink ons sien dikwels die volgende in ons land: My reg om jou goed te vat tel meer as jou reg om jou eiendom te beskerm.). Teen hierdie tyd is meer as 50% van die mensdom uitgewis. Wat volg is 'n onderbreking van God se oordeel oor die mensdom en Johannes sien verskeie visioene vanaf hoofstuk 10 tot 13.

#### Iets wat Johannes sien maar nie mag opteken nie

Openbaring 10 stel ons voor aan 'n ander engel (maar een van dieselfde soort), nie een van die voriges nie, wat duidelik baie magtig is as ons kyk hoe hy beskryf word. Die engel het mag oor die see en die land. Ons sien dit in verse 1 tot 3. Johannes hoor die stemme van sewe donderslae en hy is gereed om dit op te teken. Die donderslae verteenwoordig God se stem, soos Dawid dit in Psalm 29 beskryf. Die engel maan hom om nie op te skryf wat hy hoor nie. Hy teken egter aan dat die engel noem dat daar geen tyd meer vir redding sal wees nie.

Ons sal nie weet wat dit is wat die sewe donderslae aan Johannes opdrag gegee het om nie op te teken nie. Ons kan net aflei dat dit erg moet wees. Indien die aardbewoners nog nie tot bekering wil kom na alles wat hulle getref het nie, sal niks anders hulle oortuig nie.

Hier is nog 'n voorbeeld van die voorkoms van sewes. Vers 4 noem dat daar sewe donderslae is. Let daarop dat Johannes "En toe **die** sewe donderslae..." skryf. Dit is dus sewe bepaalde donderslae en nie net sommer enige donderslae nie. Die Grieks maak dit duidelik dat hierdie nie natuurlike donderslae is nie, maar stemme. Ons sien dikwels dat goddelike stemme as donderslae uitgebeeld word (Openbaring 6:1 en 14:2).

#### Die boekie wat Johannes moet eet

Die engel gee vir Johannes 'n boekie om te eet (vers 2 en 9; sien ook Esegiël 3:3 en Psalm 119:103). Ons ken die uitdrukking "bittersoet". Dit is soet in sy mond maar in sy maag word dit bitter. Dit verwys na die feit dat daar op hierdie stadium van die verdrukking hoop vir die mensdom is **indien** hulle bekeer. Hulle gaan egter met hulle lewens moet boet. Die Woord van God is dikwels bitter vir ons

omdat dit ons sonde en tekortkominge aanspreek, maar soet indien ons volgens sy wil leef. Vers 11 dui aan dat Johannes hierdie boodskap aan baie volke, nasies, en leiers moet verkondig. Ons sien hier dat Johannes dikwels nie net ‘n aanskouer en toehoorder is van die gebeure nie, maar self daaraan deelneem.

**Die twee getuies**

Openbaring 11 verskuif die fokus na ‘n ander visioen, die twee getuies. Eers moet Johannes die tempel opmeet. Ons weet egter dat die tempel reeds in 70 nC verwoes is. Die tempel waarna hier verwys word, kan dus net die nuwe tempel wees wat op die datum van hierdie skrywe nog nie gebou is nie, maar wat volgens Daniël 9:27 en 2 Thessalonicense 2:4 wel gaan bestaan en nog gebou moet word. Wat egter in hierdie gedeelte uitstaan is dat die heilige stad, Jerusalem, gedurende die groot verdrukking vir 42 maande vertrap sal word. Twee en veertig maande is 1260 dae, of 3½ jaar, die getal wat ons vroeër in ons studie van Daniël 9 gesien het. Hierdie is die **tweede helfte** van die verdrukking. Sien Dan 9:27 – “gedurende die helfte...”

Johannes moet die tempel en die altaar meet. Dit is vir die heiliges (“die wat daarin aanbid”). Dit is waar ons beskerming is. Die voorhof word egter nie gemeet nie want dit is vir die heidene gegee. Hulle is die ongelowiges van die verdrukking (hulle wie die heilige staf 42 maande lank sal vertrap). “Heidene” verwys hier nie na nie-Joodse gelowiges nie, soos Paulus hulle noem.

Daar is egter ook ‘n dieper betekenis hier. Johannes meet die tempel en tref onderskeid tussen diegene wie God in gees en waarheid aanbid (Johannes 4:23) en dié wie dit net vir uiterlike vertoon doen. Sien Amos 7. Die Here gebruik hier ‘n skietlood om onderskeid te tref tussen ware en valse godsdiens. Sien ook Sagaría 2:1-5. Soos wat die opmeet van die stad verteenwoordig God se beskerming van diegene wie aan Hom behoort.

**Wanneer tree die getuies op?**

Wanneer tree hierdie twee persone op? Daar is twee opinies:

1. Twee getuies sal gedurende die **eerste helfte** van die verdrukking op aarde wees. Die rede hiervoor is dat hulle nie sal toelaat dat die Antichris die tempel ontheilig nie. Hulle moet dus eers uit die weg geruim word voordat dit kan gebeur. Ons verstaan uit Daniël 9 dat die ontheiliging van die tempel aan die begin van die tweede helfte van die verdrukking gebeur. Hierdie is twee spesifieke persone wie God alreeds uitgekies het omdat hulle so beskryf word: “En ek sal aan **my** twee getuies gee dat hulle... profeteer...”. Hulle gaan ‘n boodskap van bekering verkondig. Ten spyte van die mens se ongeloof en verharding, gee God in sy genade nog steeds die geleentheid vir bekering. Ongelukkig gaan min hiervan gebruik maak. Hulle is met sakke bekleed – hulle klere is belangrik, omdat hulle uit die verlede is, maar in die toekoms optree. Dit gaan baie snaaks vir mense lyk. Hulle het mag oor mense en oor reën.

2. Daar is ‘n groter ondersteuning dat hierdie twee getuies aan die begin van die **tweede helfte** van die verdrukking hulle werk begin. Die konteks maak dit nie heeltemal duidelik nie. Die vraag is egter wie hierdie twee getuies is.

**Wie is die twee getuies?**

Daar is baie bespiegeling oor wie hierdie twee getuies kan wees. Die algemeen aanvaarde siening is dat dit **Moses** en **Elía** kan wees, vir die rede dat hulle in Maleági 4:4-5 geïdentifiseer word. Ons lees weer van hulle in Matthéüs 17 waar hulle op die berg verskyn en 'n klein groepie dissipels hulle sien. Dit is interessant dat Petrus, wie die twee persone nog nooit gesien het nie, hulle herken as Moses en Elia. Moses verteenwoordig die wet en Elía verteenwoordig die profete, dus die hele Ou Testament.

'n Ander rede kan die krag en tyd wees waarmee en waarin hulle optree. Sien 1 Konings 18. Elia het gebid en dit het vir 3½ jaar nie gereën nie. Dit is nie sonder rede dat hierdie spesifieke tyd gebruik word nie. Jakobus bevestig hierdie feit in Jakobus 5:17. Elia het dus die mag om reën te weerhou, soos ons in Openbaring 11:6 sien. Moses as een van die twee getuies het dieselfde mag. Een van die ander gebeurtenisse is dat water in bloed verander, en dit is waar die saak vir Moses as een van die twee getuies versterk. Hy het sy staf opgelig en die Nylrivier se water het in bloed verander. Sien Ex 7:19.

Die ander opsie is dat die twee getuies **Henog** en **Elía** is, vir die rede dat nie een van hierdie twee mense alreeds fisies gesterf het nie. God het Henog weggeneem (Génesis 6:24) terwyl Elía lewendig in die hemel opgeneem is (2 Konings 2:1). Die Woord is duidelik daaroor dat dit vir die mens bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel (Hebreërs 9:27). Beide Henog en Elía moet dus nog eers as mense sterf voordat hulle oordeel kan plaasvind. Hulle sterf in Openbaring 11:7.

Die twee getuies se bediening kom tot 'n einde wanneer die Antichris hulle doodmaak (Opg 11:7). Hulle lyke lê vir 3½ dae op straat in Jerusalem waar hulle doodgemaak is. Geen van die hoofstroom godsdienste, Jood, Moslem, of Christen, sal toelaat dat mense se lyke in die openbaar gelos word sonder om begrawe te word nie. Dit wys hoe boos die mense in daardie tyd sal wees. Die mense is bly dat hulle dood is (vers 10) en stuur vir mekaar geskenke. Dan blaas God weer lewe in hulle en die mense rondom hulle word bang. Die mense hoor 'n stem uit die hemel en die twee getuies word lewendig in die hemel opgeneem. Ons tegnologie maak dit heel eenvoudig vir almal rondom die wêreld om hierdie geleentheid te sien. Dink maar hoe vinnig ons tans inligting kry oor Amerika en Israel se aanvalle op Iran (soos op 28 Februarie tot 5 Maart 2026). In dieselfde uur is daar 'n groot aardbewing. Een tiende van Jerusalem word verwoes, 7000 mense word gedood, en sommige loof God vir dit wat gebeur het (vers 13).

**Die sewende basuin**

Die **sesde basuin** was in Openbaring 9:13. Daarna volg 'n parentese en ons aandag word op ander aspekte gefokus. In Openbaring 11:15 word die **sewende basuin** geblaas. Stemme uit die hemel kondig aan dat Jesus Christus beheer oor die koninkryke van die aarde oorneem. Ons sien weer 'n beeld van aanbidding in die hemel. Die fokus van die sewende basuin is dat Jesus Christus 'n outokratiese (alleen heerser) teokratiese (God-gedrewe) regeerder sal wees. Menslike regering (demokrasie) het nog nooit gewerk nie en alhoewel God die mens die geleentheid gegee het om self te regeer, het alle regerings deur die eeue misluk. Jesus Christus sal vir 1000 jaar regeer (Openbaring 20:4, tesame met die profesieë van veral Jesaja: 2:1ev; 11:1-10; 32:13-15; 42:1; en 65:17-25). Uit die aard van die saak is die nasies nie bly om hierdie nuus te hoor nie. Hulle is vertoornd (vers 18) omdat hulle die Antichris volg en besef dat sy tyd verby is, en daarmee saam ook hulle losbandige lewens.

**Wat leer ons uit hierdie twee hoofstukke?**

**Bittersoet**

Die Woord is bitter omdat dit ons gevalle toestand en toekoms so duidelik uitwys. Dit is egter soet wanneer ons die Waarheid (Johannes 14:6) van die Woord, God se wil vir ons, op ons lewens toepas.

**Die kans op bekering is altyd daar**

God gee steeds aan die mens die geleentheid tot bekering, selfs gedurende die verdrukking. Ten spyte van al die chaos stuur Hy 144 000 getuies (Openbaring 7) om die evangelie te verkondig, veral aan Israel, en die twee getuies om dieselfde te doen en te profeteer oor die komende oordeel (Openbaring 11:3). Daar sal mense wees wie die boodskap ter harte neem (Openbaring 11:13 – “heerlikheid toebring”) en tot bekering kom, maar die meerderheid word kwaad oor die boodskap van verlossing (Openbaring 11:18 – “vertoornd”). Dink hoe negatief mense vandag teenoor die evangelie is, en dit terwyl dit nog goed gaan met die mensdom. Daar kom egter ‘n einde aan die gemaklike lewe en dit is nader as wat ons dink. Die mens kies egter self wie hy as heerser wil hê maar kry daarmee saam ook dit wat hierdie heerser bied.

**WAT GEBEUR VOLGENDE?**

In hoofstuk 12 sien ons hoe die draak Israel probeer vernietig. Daarna, in Hoofstuk 13, lees ons hoedat die Antichris op die toneel verskyn; en hoe die Vals Profeet die merk van die dier in werking stel. Nou het die bewoners van die aarde (die ongereddes) en diegene wie tot bekering gekom het, ‘n keuse: aanvaar die merk, bly deel van die ekonomie, en verseker dat jy kos kan koop, of jy aanvaar nie die merk nie en betaal die prys daarvoor.